

Sing vooraf staande: Psalm 31:1 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed

Ons dank U, Here, vir die lieflikheid van hierdie dag wat weer u majesteit aan ons verkondig.
Ons dank U, Here, vir gesondheid en liggaamskragte en ook vir die moontlikheid om vandag
weer rondom u Woord vergader te mag wees. Ons dank U ook, Here, vir die oneindige
voorreg om na die verkondiging van u heilige evangelie te kan luister.

Ons bid van U, Here, dat U u Heilige Gees in ons harte sal vestig sodat sy werking ons in die
diepte van kennis van U en u majesteit mag inlei. Gee dat die verkondiging van u Woord in
reg en in waarheid mag wees, en ook sodat dit ons so mag bereik dat daar vir ons
geloofsvrugte mag voortspruit.

Ons bid vir ons kerk in sy nood en behoeftes. Ons bid, Here, dat U elkeen van ons in
ons geloof wil versterk. Geestelik raak ons vermoeid. Die stryd om in die geloof te volhard en
op die regte weg te bly word dikwels 'n geweldige stryd. Ons geloof verval soms in twyfel as
ons onder druk verkeer. Here, kom U ons hierin tot hulp, want U is magtig en U kan ons
versterk en bekeer sodat ons mag volhard op die weg van bekering en wedergeboorte.

Ons bid ook vir ons materiële behoeftes. Mag u goedertierenheid ons ook hierin agtervolg,
Here.

Ons bid ook dat u koninkryk mag kom. Ons weet dat daar vir ons 'n tyd van smarte en
verdrukking wag voordat die ewigheid in sy oneindige goedheid oor ons aanbreek. Maar as U
ons in die geloof bewaar, wag ons met verlange om die Here Jesus op die wolke te sien kom
sodat ons die heerlikheid van u teenwoordigheid mag smaak.

Ons bid ook dat die swakheid van ons mensewerk hier op die aarde reeds deur U gebruik
mag word om u koninkryk te bou. Ons bely dat al ons werk deur die sondigheid van die vlees
gekenmerk word, maar ons weet ook dat u krag deur ons swakheid geopenbaar word.

Seën ons in hierdie erediens, om die Here Jesus Christus ontwil.

Amen.

Psalm 25:1 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.

Skriflesing: Deuteronomium 4: Kategismus Sondag 35

Teks: Deuteronomium 4:15-19

Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele — want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gesprek het nie — sodat julle nie verderflik handel deurdadig julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou, 'n afbeelding van enige dier wat op die aarde is, 'n afbeelding van enige gevleuelde voël wat in die lug vlieg, 'n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, 'n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is; dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie — dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.
(Deuteronomium 4:15-19 AFR53)

Ons mag nie beelde maak nie.

- Dit lyk asof die gebod darem nie meer vir ons moderne mense iets te sê het nie.
- Ons is mos nie meer afgodsaanbidders wat aan heilige boomstamme en sulke beelde eer gee deur voor hulle op ons knieë te gaan staan en dit te aanbid nie.

Ons godsdiens is ook nie meer so primitief dat ons hoegenaamd beelde aan ons God koppel nie.

- Of is dit dalk net die teenoorgestelde? Dat ons nog die gevaar van beelddiens in ons godsdiens beoefen?
- Het dit nie dalk juis in ons sogenaamde moderne tyd meer as ooit nodig geword om aandag te gee aan hierdie beelddiens nie? Ons is miskien ver ontwikkel in ons wetenskap, maar in ons godsdiens was ons ontwikkeling so swak dat die eise van die Here nog al die tyd onveranderd vir ons bly geld het.

Ons moet vandag nog net so beslis soos Israel aanpassings maak om die wet van die Here suiwer na te kom.

In die Tien Geboie het ons die eerste gebod wat vereis dat God as die enigste God gedien en vereer moet word. Dan volg hierdie tweede gebod om te sien hoe die Here as die enigste God gedien wil word.

1. Die gebod bepaal eerstens die manier: Nie deur beelde nie.

2. Tweedens die rede: 'n beeld verkondig 'n valse God.

3. Derdens die doel daarvan om God nie in 'n beeld te vereer nie.

1. Die manier hoe God gedien en vereer wil word

Daar staan geskrywe: “Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak ...”

- Dis in die enkelvoud, want hierdie beeld het betrekking op God.
- Verder word daar dan vertel dat geen geskape ding afgebeeld mag word met die doel om dit te aanbid nie.
- Natuurlik omdat die eer en die aanbidding God alleen toekom.

Hierdie tweede gebod het die eerste Christene in 'n groot spanning laat beland.

- Hulle het aanvanklik van die standpunt uitgegaan dat mens selfs nie eers 'n skildery of 'n kunsbeeld vir versiering in jou huis mag hê nie.
- Later het die standpunt so verander dat mens tekeninge en skilderye mag maak, maar jou net nie in aanbidding daarvoor mag neerbuig nie.

Die fout in die benadering van die eerste Christene het daarvan gekom dat hulle onder die heidene geleef het wat afbeeldinge van visse en voëls gemaak het, en dié kultusvoorwerpe aanbid het.

- Ons lees daarvan in Romeine 1:23.
- Deur hierdie afgodsbeelddiens is die mense se verstand dan verduister.

Maar verder ook omdat die saak in die enkelvoud gestel word.

- Die beeld of gelykenis is van God – daar mag geen afbeelding van watter aard ook al van God gemaak word nie.
- Mense en diere mag afgebeeld word.
 - Deuteronomium 4:16 en volgende verse stel dit baie duidelik. Hulle mag nie afgodsbeelde maak van 'n man of 'n vrou of enige dier nie.
- Afgodsbeelde bring dan aanbidding aan iets in die plek van God. Dit is waaroor dit gaan in die tweede gebod.

Die gebod van God is eintlik logies. As geen mens God gesien het nie, hoe kan daar dan van God 'n afgodsbeeld gemaak word? Daar is nie die vaagste aanduiding vir enigeen wat die Here wil afbeeld, hoe hy dit moet doen nie.

Na die sondeval het hierdie sonde natuurlik sterk op die voorgrond begin tree.

- In toenemende mate lees ons in die Ou Testament van die behoeftes wat daar by die mense gegroei het om 'n afbeelding te maak van die God wat hulle aanbid het.
- Dit was later so erg dat die profete by herhaling moes waarsku dat God nie in klip of droë hout is nie!

Die Here het hierdie gebod ook gemaak omdat Hy ons ken, en weet dat as ons toegelaat sou word om Hom deur 'n beeld te vereer, die klem na die beeld toe sou verskuif.

- Die beeld sou later die aanbidding ontvang, en nie God nie.
- Die Here wil juis hê dat ons Homself en persoonlik moet aanbid. Direk.

Verder is hierdie poging om God af te beeld 'n geweldige aanranding en skending van sy wese.

- Die Here is Gees. Hy is magtig en verhewe bo enige mens of skepsel.
- As ons 'n afbeelding van God sou maak deur 'n beeld of 'n skets, dan wis ons die grens tussen God en 'n skepsel uit.
- Dan is die nabootsing van die beeld van die Here bloot 'n menslike skepsel wat geweldige afbreuk en skade doen aan die heiligheid van die Here.
- Dan word jou godsdiens 'n karikatuur.

2. 'n Beeld verkondig 'n valse God.

In die tweede plek het hierdie gebod dit oor die rede waarom ons nie van God 'n beeld mag maak nie.

- Die antwoord hierop is eintlik voor die hand liggend: Enige vorm van afbeelding van die Here is 'n leuen,
- want geen afbeelding kan eers iets van die Here weergee wat waar is nie.
- Ons sal 'n heeltemal onware voorstelling moet maak – ons voorstelling sal suiwer moet berus in die krag van ons eie gedagtes.

Daarmee sal ons ons uitgee vir die grootste vorm van skending wat die heiligheid van God nog ondergaan het. Wie van ons sal kan sê hoe God is, en waarmee sal ons Hom kan vergelyk? Die Here kan nie so gedien word nie!

Daarom kry ons soveel praktiese probleme met hierdie saak in ons tyd. Vir baie jare steur die blanke Christendom hulle nie aan hierdie gebod nie.

- Soms tref mens skilderye aan waarin die skilder die grootheid van God probeer uitbeeld het.
- In baie huise hang daar tekeninge van Christus en sy dissipels. Of van Jesus Christus met kinders by Hom.

Uit hierdie oortreding van die gebod dat daar van God – en Christus is ook God – geen afbeelding gemaak mag word nie, het daar in ons tyd die swart teologie en die feministiese voortvloei.

- Die standpunt van die een groep is dat God net swart afgebeeld mag word en dat 'n swart God vir geen witmens tyd het nie.
- Die ander groep se standpunt is dat God 'n vrou is. Daarom is daar nou Bybels op die mark wat God as “ons Moeder” aanspreek en uitbeeld!
- Dit is niks anders nie as ons eie sondes wat ons inhaal omdat ons met die geopenbaarde beeld van God begin karring het – nou sit ons met afgodsdienste wat totaal vals en duiwels is.

Selfs die prente van die Here Jesus as mens is verkeerd.

- Wie sou weet hoe die Here Jesus gelyk het? En as jy tog nie weet nie, watter nut het 'n prent met jou eie siening dan vir die bevordering van jou en van andere se geloof?
- As 'n afbeelding van die Here Jesus Christus van belang sou wees, kon God dit so beskik het dat daar wel so 'n beeld deur die geskiedenis vir ons behoue gebly het.
 - Die Grieke wat in daardie tyd 'n wêreldbeskawing gehad het, het toe al vir eeue getroue beelde van mense gemaak.
 - Net so ook die Romeine wat toe heersers was van Palestina. Maar dis juis omdat die Here geen beeld selfs van Christus in sy mensheid wou nalaat nie, dat daar vir ons geen aanduiding of nalatenskap van Hom is nie.

Die motief van die Here agter hierdie besluit is om te verhoed dat ons die Here in ons godsdienste vermenseklik.

Daar is wel 'n beeld van God in die skepping.

- Dit is die mens wat na die beeld van God geskape is.
- Omdat God Gees is, is die beeldskap van God in ons ook geestelik van aard.
- Die beeld bestaan in kennis, geregtigheid en heiligheid. Die vermoë dus om God sonder 'n sigbare beeld te kan aanbid!

Maar ons het hierdie beeldskap in 'n sekere sin verloor.

- Eintlik het dit net geskend en verwronge geraak deur die sondeval, en die feit dat ons daardeur van die Here vervreem geraak het.
- Nou ondervind die mens 'n heimwee en 'n soeke na hierdie beeld van die Here wat hy verloor het, en dit kom nou tot uiting in hierdie beelddiens.
- Ons beskou onself as hoog ontwikkel, en wetenskaplik ver gevorderd, maar ons leer nog ons kinders met prentjies om God te dien. Dit kan mos nie.

Die Here leer in die Bybel dat Hy gedien wil word deur lewendige aanbidding en Woordverkondiging. Romeine 10:14:

Ons kan die Here net in die geloof aanroep. En ons kan Hom net ken deur van Hom te hoor! En daar kan net gehoor word as daar een is wat preek.

(Romeine 10:14 AFR53)

En vers 17:

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.

(Romeine 10:17 AFR53)

2 Petrus 1:19 stel dit in moeiliker taal, maar tog baie mooier:

En ons het die profetiese Woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos 'n lamp wat op 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte. (2 Petrus 1:19 AFR53)

'n Dooie beeld kan hierdie lewendige werking van die Gees van God tog nie vervang nie. En ook nie soveel diepte in jou hart bewerk nie.

- Ons sien in hierdie gebod die Here Jesus na sy opstanding as Hy aan die elf dissipels verskyn, en hulle verwyd dat hulle nie die wou glo wat verkondig het dat Hy opgestaan het nie.
- Ons let op dat hulle eers glo nadat hulle Hom self gesien het! Markus 16:14.
- Dis waarom die Kategismus sê dat ons nou nie wyser moet wees as God nie. Die wysheid van God het juis bepaal dat ons deur die prediking van die evangelie en nie deur beelde of prente nie, aan Hom moet eer bewys.

3. Die doel daarvan om God nie in 'n beeld te vereer nie

Derdens gaan dit dan om die doel daarvan dat hierdie gebod ons verbied om afbeeldinge van God te maak.

- Die antwoord is weer net so kort en logies. Dis sodat ons die werklike godsopenbaring kan sien en van God kan ontvang.
- Dis om die Here werklik te kan ken deur die werk van sy Heilige Gees, en van sy Woord.
- Anders sal ons eerbeton aan die Here heeltemal tevergeefs wees.

Net soos 'n slaaf nie aan sy baas kan voorskryf nie, so kan ons ook nie die gebooi van Godsverering aan die Here voorskryf nie.

- Ons moet bloot sy eise gehoorsaam.
- Daarom gaan ons aan sy eise skade doen as ons deur 'n ander vorm of voorwerp eer aan die Here wil gee.

Verder is dit ook om ons 'n geestelike Godsverering te leer – sodat ons ons geestelik kan skool.

- 'n Beeld kan jou niks leer van verlossing nie.
- 'n Prent van Christus kan jou nie leer van bekering en van wedergeboorte nie.
- Die teendeel is eintlik waar: Dit kan jou gees afstomp omdat jy van die sigbare dinge afhanklik word.
- Die Bybel leer dat ons in gees en in waarheid moet wandel.

Laat ons dan geestelik lewe, en nie van ons God aards dink nie, en so gemeenskap met Hom beoefen. Laat ons sy grootheid en sy majesteit in sy onsienbaarheid vereer. En laat ons vertrou op sy onsienlik nabyheid en genade.

Laat ons saam luister na wat in ons belydenis geskryf staan oor die afbeelding van die Here in die Heidelbergse Kategismus Sondag 35:

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).*

(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: *God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).*

(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: *Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).*

(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Amen.

Slotgebed

Here, lei ons so met u goedertierenheid, dat ons u Woord en u wil sal nastreef. Lei ons so in ons daaglikse lewenswandel dat u majesteit in ons handel openbaar word. Leer ons om U lief te hê, en vergewe ons ons sondes. Om Christus ontwil.

Amen.

Slotpsalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 8 Desember 2013